OESTERBAAI NUUS

NUUSBRIEF 1/2016

Voorsitter: Walter Kurten *Sel: 082338113*
Sekretaresse: Ria Louw *Sel: 0790836397*
Tesourier: Hettie Jooste *Sel: 0845890101*

Adres: Posbus 95,
Oesterbaai
6305

Bankbesonderhede
ABSA BANK
Tak : 632 005
Rekeningno : 4052178885

Alle Oesterbaaiers

Groete uit Oesterbaai! Stil-stil het die winter ook sy intrek in Oesterbaai geneem, het die koue soos ‘n dief in die donker van die nag ingesluip! Dis nou tyd vir kaggelvure en kuiermense. Skielik is sop en broodjies koningskos. Die geknal van die stompe op die vuur lewer ‘n vuurwerk vertoning soos min. Dis ‘n omgee tyd – ‘n tyd van ontferming. Dis nou tyd dat die ware jy opstaan. Wees eerlik met jouself en wees tevrede met wie jy is! Elke winter het ‘n doel. Dis deel van die seisoene van die lewe en in elke winter skuil ‘n embrio van hoop – die lente is reeds op pad.

Ons sien daarna uit om julle tydens die wintervakansie weer hier te verwelkom!

Ook hier in Oesterbaai het die lewe nie stilgestaan nie en ons lig julle graag in aangaande gebeure gedurende die afgelope paar maande in ons dorp!

1. KOMITEE 2016

Die komitee vir 2014 bestaan uit die volgende lede:

Walter Kurten (Voorsitter)	Ria Louw (Sekretaresse)
Hettie Jooste (Tesourier)	Adriaan van Wyk
Joe Meyer	Hannes Botha
Poppie Meyer	Fanie Groenewald
Cornelia Groenewald	Otto Pepler
Riekie Pienaar	Wendy Williams

Kontak- en portefeuljebesonderhede is op die webwerf (www.oesterbaai.info) beskikbaar of u kan ook ons plaaslike winkel besoek vir ‘n afskrif. U is ook welkom om Ria 0790836397 in die verband te skakel.

2. PRIORITEITE 2016

Die volgende sake word weereens as prioriteite vir 2016 gestel:

- Omgewingsake
- Watervoorsiening
- Openbare Toiletgeriewe
- Gemeenskapsaal
- Paaie
- Afvalstortingsterrein
- Fondsinsameling
- Werwing van nuwe lede
- Kommunikasie

3. OMGEWINGSBESTUURSPLAN

Daar word tans voortgegaan met die werk reëlings wat deur die oorspronklike DEDEA goedkeuring en die huidige ingenieursontwerpe gedek is. Hierdie reëlings sal gedurende Mei/Junie 2016 afgehandel word en die werk kan dan DV in Julie 2016 begin.

Intussen wag ons en volg ons op vir die volledige ingenieursontwerpe soos ingedien by DEDEA. Die dringendste werk sal eerste afgehandel word en sluit in:

- Die werk by die een huis (Fowler's se plek) om die sand weg te kry en te rehabiliteer.
- Die herstel van die Slangrivier se mond en dringende verwydering van sand wat loop versper
- Die terugstoot van groot duine wat oor Branderstraat beweeg in al die groot holtes, die toemaak van sandstrate en rehabilitasie werk
- Die bou van skermwalle wat sal keer dat die sand nie weer maklik die duine bou nie.
- Die insit van al die merker-pale ten einde die bestuursplan te kan uitvoer

4. DESEMBER 2015 KOLLEKTE

'n Bedrag van R10 790 is ge-in. Die komitee het goedkeuring verleen dat 'n busskuiling naby die ingang van die dorp opgerig word. Baie skoolkinders en lede van die plaaslike gemeenskap is elke dag hier blootgestel aan natuur (reën, son, wind) Werk sal binnekort begin.

5. TOERISME

Die Inwonerskomitee het aangesluit as lid van St Francis Toerisme en deel nou in verskeie voordele:

Die dorp word bemark en al ons funksies en ander bedrywighede word op die Toerisme webblad geplaas.

Dit is 'n goeie geleentheid om Oesterbaai toerisme te bevorder.

6. AFVALSTORTINGSTERREIN.

Hierdie terrein bly 'n doring in die vlees! Daar gaan hierdie jaar 'n spesiale poging aangewend word om 'n blywende oplossing te vind. Die saak is reeds van verskeie kante af weer onder die aandag van die Munisipale Bestuurder self gebring

Paul Jooste het ook boompies aangeplant om die aansig van die saal se kant af te verbeter!

7. PAAIE

7.4.1 BOEREVERENIGING

Soos u reeds bewus is, het die plaaslike Boerevereniging het die Inwonersvereniging gekontak en versoek dat lede alle klagtes in verband met paaie aan hulle deurgee. Hierdie klagtes is op die Boerevereniging se vergadering aan die Munisipaliteit en onderskeie windplase deurgegee. Ons het heelwat klagtes ontvang.

Ongelukkig het ons nog geen positiewe terugvoer van enige party ontvang nie.

7.4.2 INTERNE PAAIE

Joe het gedurende Desember 2015 baie noodinstandhoudingswerk gedoen. Dankie ook aan hom en sy span.

Die paaie in Umzamowethu is in 'n treurige toestand. Hierdie toedrag van sake is ook aan die Munisipale Bestuurder oorgedra en hy het die gebied self besoek en is op hoogte van sake.

8. HONDE OP DIE STRAND

Ongelukkig moet ons hierdie aangeleentheid weer onder u aandag bring! Daar is steeds klagtes aangaande honde wat sonder leibande op die strand is. Een van ons inwoners is onlangs deur een van hierdie honde gebyt!

Onthou om met jou hond op die strand te stap kan ‘n wonderlike ervaring vir julle beide wees. Dit bly egter steeds ‘n voorreg en nie ‘n reg nie. Daar is reëls wat nagekom moet word ten einde te verseker dat alle strandgebruikers hulle strand-ervaring geniet.

Ons versoek dus weereens alle eienaars van honde om aandag te gee die voorwaardes waaronder diere op die strand toegelaat word. Besoek ons webwerf (www.oesterbaai.info) vir volledige inligting in die verband.

9. LIDMAATSKAP VAN DIE OESTERBAAI IWONERSVERENIGING

‘n Ernstige beroep word nogmaals gedoen op alle eienaars/inwoners of enige ander persone wat die belange van Oesterbaai op die hart dra, om as lede van die Vereniging te registreer.

Ons herinner u graag daaraan dat lidmaatskapgelde vir 2016 reeds vanaf 1 November 2015 betaalbaar is. Lidmaatskapgelde is steeds R50/persoon. Dit beteken dat indien daar meer as een persoon in die huishouding is wat ouer as 18 jaar is en wat graag sy/haar deel vir ons mooi dorp wil doen, elkeen R50 moet betaal. Gelde kan betaal word by enige komiteelid asook by die Oesterbaai winkel. U kan ook die gelde inbetaal in ons rekening met u naam en erfnommer as verwysing.

Bankbesonderhede
ABSA BANK
Tak : 632 005
Rekening no. : 4052178885 (Navrae kan gerig word aan Hettie of Ria)

Stuur asseblief u bewys van deposito aan Hettie deur by hjooste@absamail.co.za Meld asseblief u adres en selfoonnommer.

10. WATERVOORSIENING

Watervoorsiening gedurende Desember 2015 was baie goed. Dankie aan Otto en sy span wat baie hard gewerk het.

Daar is ‘n nuwe pomp geïnstalleer en vanweë die ouderdom van die infrastruktuur was daar heelwat pype wat gebars het. Die situasie is egter onder beheer. Daar word gekyk na die aankoop van ‘n kragopwekker om probleme met waterdruk tydens kragonderbrekings te ondervang. Baie fondse (ongeveer R200 000) word benodig om stelsel heeltemal op standaard te bring.

Eienaars word egter steeds aangemoedig word om ekstra watertenks op sit om te help sou daar enige water krisisse ontstaan.

11. BRANDWAENTJIE VIR OESTERBAAI

Soos voorheen vermeld het Henrico van Rooyen (Humansdorp Brandweer) uiteindelik
daarin geslaag om vir Oesterbaai sy eie brandwaentjie te beding! Weens administratiewe rompslomp kon die oorhandiging nog nie plaasvind nie. Intussen is die planne vir die bou van ’n klein brandweerstasie op Oesterbaai, reeds ver gevorderd en is daar besluit om die waentjie tydens die gebou se inwyding, te oorhandig.

12. OESTERBAAI KLETSKLUB

Besoek gerus die Kletsklub se Kuierblad op die webwerf (www.oesterbaai.info) vir al die inligting of skakel Ria by 0790836397.

13. KERSMARK/NSRI FAMILIEDAG 2015

Die 2015 Kersmark was ‘n groot sukses. Ons beplan dan ook om dit hierdie jaar nog beter te maak. Ons hoop om dit weereens in samewerking met die NSRI aan te bied. Indien jy sou belangstel om hierdie jaar deel te neem kontak asb. vir Ria so gou as moontlik. Die Komitee gaan reeds in Julie met die beplanning begin.

Insette en interessante idees sal waardeer word.

14. VERFRAAIING VAN DIE DORP

Die paadjie langs die winkel wat daagliks deur die plaaslike gemeenskap en ander inwoners en vakansiegangers as kortpad gebruik word na die see, is onlangs opgradeer. Twee vragte sand is deur Lexinton geskenk en met harde werk en baie sweet is die pad opgevul. Die Komitee het goedgekeur dat hierdie pad voortaan as Lexintonlaan bekend sal staan. Nodige bordjies is opgesit .

15. ALGEMEEN

Indien daar enige iets is wat u onder ons aandag wil bring, kontak asseblief enige een van die komiteelede en ons gee graag aandag daaraan.

Geniet u dag! Ons gesels spoedig weer.

OESTERBAAI INWONERSVERENIGING
DATUM:JULIE 2016